Nguni Bul Seleksie, Evaluasie en Ontwikkeling Kursus aangebied 7/8 Junie'12

Die Hoeveld Nguni Klub in samewerking met die sub-direktoraat "Tegnologie ontwikkeling en oordrag" (Dr. Kenneth Kaunda Distrik) het n kursus/werkswinkel mbt. Nguni bul seleksie, evaluasie en ontwikkeling aangebied op 7 en 8 Junie 2012 by die Potchefstroom Landbou Kollege.

Hierdie kursus was aangebied as deel van die Hoeveld Nguni Klub Bul Projek by Potchefstroom en daar word voorsien dat hierdie kursus jaarliks gedurende Mei by die Kollege aangebied sal word. Met hierdie kursus word beoog om telers en kommersiele boere op hoogte van sake te hou mbt. faktore en doelwitte wat bulkeuse mag beinvloed. Die kursus dien dan ook as skakel tussen die Hoeveld Nguni Bul Projek en die algemene boerdery gemeenskap wat nuwe telers, akademici, kommersiele telers en stoet telers insluit.

Die kursus vir 2012 was goed ondersteun en 54 persone uit alle sektore het dit bygewoon. Daar was veral groot verteenwoordiging van boere verbonde aan die NOK Projek, Noordwes asook nuwe Nguni stoet telers.

Opening en verwelkoming was behartig deur Dr. Chris de Brouwer. Gedurende die eerste dag was verskeie lesings aangebied wat ingesluit het: Die beskrywing van die Nguni (Dr. Hans van de Pypekamp) Navorsing betreffend Nguni Vleis (Dr. Lorinda Frylinck - LNR) Bul seleksie (Izak du Plessis - Senwes) Hoeveld Nguni Bul Projek – Ontleding van die evaluasie proses en uitslae (Adriaan Lourens) Die rol van voeding by bul ontwikkeling (Ulrich Muller - Voermol) en Gesondheidsbestuur van ontwikkelende bulle (Danie van Niekerk - Virbac).

Die praktiese deel van die kursus was op die tweede dag by die proefplaas "Noyons" aangebied waar die Hoeveld Bul Projek bedryf word. Verskeie Nguni bulle wat deel vorm van die projek is aan evaluasie onderwerp met besprekings deur Lyon Olivier en Dr. Hans van de Pypekamp. Funksionele doeltreffendheid en raseienskappe is onder die vergrootglas geplaas en interaksie met kursus gangers is verkry en aangemoedig.

Die Hoeveld Nguni Bul Projek word bedryf in twee fases. Gedurende die eerste fase vind evaluasie van deelnemende bulle plaas tov. groeitempo onder normale weidings omstandighede. Evaluasie van funksionele doeltreffendheid en raseienskappe vind ook gedurende hierdie fase plaas. Aan die einde van die eerste fase vind seleksie plaas en slegs die mees belowende bulle word behou in die projek. Gedurende die tweede fase verskuif die klem na die ontwikkeling van die geselekteerde bulle op natuurlikke weiding en die evaluasie van die bulle gedurende hierdie proses. Finale inspeksie van die bulle word gedoen deur Nguni Telers Genootskap inspekteurs vir goedkeuring vir registrasie. Bulle moet dan ook aan veeartseny vereistes, soos deur die telers genootskap daargestel, voldoen. Die doelwit wat met die projek nagestreef word is om Nguni bulle te identifiseer, te evalueer en te ontwikkel om onder natuurlikke weidings omstandighede te gedy en om inligting wat in hierdie proses verkry word aan die boerdery gemeenskap oor te dra.

Daar word beoog dat bulle wat die evaluasie proses slaag jaarliks op die tweede Saterdag in Mei by Potchefstroom op veiling aangebied sal word.

Meer inligting is beskikbaar van Herman Nel by 082 574 7533, Erick de Beer by 082 493 9345 of Adriaan Lourens by 082 710 8811.